# HOOFSTUK 10

## ONDERSTEUNING VAN MILITÊRE AKTIWITEITE DEUR DIE VAALDRIEHOEKSE GEMEENSKAP

### 10.1 INLEIDING

Reeds in die Tweede Wêreldoorlog was daar pogings in die Vaaldriehoek om dié oorlog te ondersteun.[1] Net so is in die era 1974-1994 verskillende pogings deur die gemeenskap van die Vaaldriehoek geloods om die verdedigingspoging van voorgenoemde tydperk te ondersteun.

As gevolg van diensplig en grensdiens sedert die sewentigerjare, is die gemeenskap toenemend by militêre aktiwiteite betrek.[2] Veral vroue-organisasies het die verdedigingspoging aktief ondersteun.[3] Die breë blanke gemeenskap het geldelik bygedra omdat hulle seuns by die weermag of polisie betrokke was. Daar was pogings om teruggekeerde dienspligtiges weer in die samelewing te laat inskakel. Insamelingsprojekte is vir die grenssoldate aangepak, vervoerreëlings vir dienspligtiges getref en die bonusobligasieveldtog is ook ondersteun. Werkgewers het soldate met salarisse tegemoet gekom. Die weermag het aan die ander kant op verskillende wyses bygedra om die gemeenskap te ondersteun.

---

[1] Vgl. Vaal Teknorama (VTR), Houer stadsraaddokumente, Lêer Warfund drives, Brief van die organiseerder van Military Cavalcade: Woman's Section Liberty Cavalcade aan burgemeester van Vereeniging, 02.01.1942.

[2] J. Cock, Manpower and militarisation; woman in the SADF in J. Cock & L. Nathan (eds.), War and society: The militarisation of South African politics (Johannesburg, David Phillip, 1989), p. 52; E. Fourie, "Ek praat my hart uit", Paratus, 29(4), Aparil 1978, p. 10.

[3] J. Cock, Manpower and militarisation; woman in the SADF in J. Cock & L. Nathan (eds.), War and society: The militarisation of South African politics, p. 52.

## 10.2 DIENSPLIG EN DIE VAALDRIEHOEK

Diensplig is destyds as 'n lewensnoodsaaklike belegging in die land se toekoms gesien.[4] Omdat die land nie 'n professionele weermag kon bekostig nie, moes daar op die konsep van 'n volksweermag staatgemaak word.[5] Diensplig het mettertyd 'n huishoudelike woord geword en is ook as deel van die proses van manword gesien.[6] As gevolg van 'n mannekragtekort in die weermag teen die middel van die sewentigerjare, is besluit om die diensplig tydperk na twee jaar te verleng.[7] Blanke mans het vir 'n groot deel van hulle lewe deel van die militêre sisteem gebly. Hulle moes op die ouderdom van 16 jaar registreer, vir twee jaar diensplig doen en was daarna vir 12 jaar deel van die burgermag. Daarna is hulle op die nasionale reserwe tot op die ouderdom van 65 jaar geplaas.[8]

In Januarie 1975 het in die *Vaalweekblad* 'n foto verskyn van stralende jongmans wat vertrek het om diensplig te verrig.[9] Oor die mans wat met diensplig begin het, is daar byvoorbeeld gesê dat hulle die land in die oorlog gaan verdedig.[10] Daar was artikels waarmee diensplig as 'n aantrekkingskrag en 'n avontuur bekend gestel is.[11] In die *Vaalweekblad* het 'n foto van 'n ene Danie du Plessis verskyn twee dae voor hy vir diensplig moes aanmeld, kompleet met staalhelm en

---

[4] I. Pretorius, *Voorwaarts Mars!: 'n Toekomstige handleiding aktueel vir elke jongman van hierdie dekade* (Ficksburg, Janssonius & Heyns, 1981), p. 8.

[5] I. Pretorius, *Voorwaarts Mars!...*, p. 10.

[6] TRC, *Volume four: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 224; B. Jacobs, "Openbare sake: Die vrou en die dienspligstelsel", *TVLU-nuus*, 22(8), Aug./Sept. 1983, p. 17.

[7] Anon, "South Africa: Urgent need for Permanent Force incentive", *To the Point*, 6(15), 15 April 1977, p. 47; A. de la Rey (red.), *Suid-Afrikaanse Weermag oorsig 1990* (Durban, Walker-Ramus, 1990), p. 273.

[8] TRC, *Volume four: Truth and reconciliation commission of South Africa report*, p. 223.

[9] Anon, "Foto: Die groepie jong mense ... het vanaf Vereeniging na Bloemfontein vertrek waar hulle hul diensplig vir die jaar sal ondergaan", in *Vaalweekblad*, 17.01.1975.

[10] Anon, "Sasol seuns vertrek op troepetrein", in *Vaal Ster*, 20.01.1984.

[11] Anon, "Military 'mounties' patrol our borders", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 26.11.1976; Aquarius, "Stroom-op langs die Vaalrivier: Vasbyt! Diensplig is nie 'n straf", in *Vaalweekblad*, 13.01.1981.

geweer.[12] Jongmans is aangemoedig om eers hulle diensplig te verrig en daarna te gaan studeer.[13] Vaaldriehoekse dienspligtiges was deur 'n pligsbesef gemotiveer om diensplig te verrig. Van die ouddienspligtiges het gemeen dat diensplig 'n positiewe uitwerking op hulle lewe gehad het, soos dat die individu geestelik en fisies gevorm is.[14]

### 10.2.1 DIE BEKENDSTELLING VAN DIENSPLIG

Die direkteur van die direktoraat mannekragvoorsiening van die weermag, kmdt. L. J. Zietsman, het Vanderbijlpark in Julie 1975 besoek om met leiers van die gemeenskap soos predikante, skoolhoofde en stadsraadslede te praat oor die moontlikheid om die weermag in die Vaaldriehoek bekend te stel. Daar is beplan om die bekendstelling op 17 September 1975 van stapel te stuur. Die vermaaklikheidsgroep van die weermag sou terselfdertyd 'n konsert hou en 'n rolprent sou vertoon word.[15] Die direkteur sielkundige dienste van die weermag, kol. J. H. de la Rey, het die Vaaldriehoek in Julie 1977 besoek om oor diensplig te praat. Ouers is gevra om 'n positiewe beeld van die weermag aan hulle kinders voor te hou.[16]

Tydens die lentetee van die Vroueaksie van die Nasionale Party in September 1981, het mev. Ristie Viljoen 'n paar aspekte rondom diensplig aangeraak. Sy het gesê dat die aanleer van dissipline en selfbeheersing vir 'n toekomstige soldaat belangrik was. Ouerlike voorbeeld was die medium waardeur jong seuns vir diensplig voorberei moes word. 'n Jong soldaat sou van sy moeder

---

[12] Anon, "Ons Danie kan mos korrel", in *Vaalweekblad*, 18.01.1985.

[13] Anon, "Eers voetestamp, dan studeer, sê navorser", in *Vaalweekblad*, 02.11.1980; Vgl. ook Anon, "Eers soldaat, of eers student?", in *Vaalweekblad*, 31.07.1981; Anon, "Oud-dienspligtiges se inskakeling nagevors", in *Vaalweekblad*, 05.11.1982; Anon, "Wat kom eerste – diensplig of studeer", in *Vaalweekblad*, 03.05.1983.

[14] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 1. 10101997. Beukes, F. M., (35) Drie Riviere.

[15] Anon, "Weermag bekendgestel", in *Vaalweekblad*, 25.07.1975.

[16] Anon, "Diensplig: ouers kan help om jeug paraat te kry", in *Vaalweekblad*, 29.07.1977.

onderskraging, hulp en persoonlike betrokkenheid nodig hê.[17] In September 1983 het die Vroueaksie van die Nasionale Party 'n teeparty gehou en hiertydens praat mev. Margo Malan, die eggenote van genl. Magnus Malan, oor diensplig. Sy het gesê dat militêre diensplig 'n man beter vir burgerskap opgelei en van hom 'n beter gevormde burger gemaak het, omdat hy met patriotisme en godsdiens kennis gemaak het.[18]

Pogings is ook aangewend om voornemende dienspligtiges oor diensplig in te lig. Die Rotariërs van Vanderbijlpark het in April 1979 'n pamflet met wenke vir dienspligtiges opgestel.[19] In die *Vaalweekblad* van 16 Desember 1983 was daar 'n artikel om dienspligtiges bedag te maak op die moets en moenies ten einde hulle bestemmings veilig te bereik.[20] Die Allied Bouvereniging was een van die hoofborge van die publikasie *Diensplig/National Service* wat jaarliks aan voornemende dienspligtiges gestuur is.[21] Die 1987 uitgawe van dié handleiding is breedvoerig herskryf en bygewerk. In die betrokke uitgawe word daar veral klem gelê oor hoe om voor militêre opleiding fiks te word.[22] In die 1989 uitgawe van dieselfde handleiding het die hoof van die weermag, generaal J. J. Geldenhuys, voornemende dienspligtiges op die aanslag gewys en gesê dat hulle deel in die beskerming van hulle erfenis het.[23]

### 10.2.2 DIE VERANDERDE DIENSPLIGSTELSEL

Diensplig is in 1977 na twee jaar verleng. Brigadier J. E. Louw was een van die gassprekers tydens die Sasolburgse Sakekamer se jeugsimposium op 15

---

17 Anon, "Spoggerige lentetee vir grensgeriewe", in *Vaalweekblad*, 29.09.1981.

18 Anon, "Militêre diensplig verryk ons seuns", in *Vaalweekblad*, 11.11.1983.

19 Anon, "Is diensplig jou voorland – hier is wyse raad", in *Vaalweekblad*, 27.04.1979; Vgl. ook Anon, "Nuttige wenke vir dienspligtiges", in *Vaalweekblad*, 08.01.1980.

20 Anon, "Dienspligtiges: Kyk, dink en bly leef", in *Vaalweekblad*, 26.12.1988.

21 Anon, "Voorbereiding vir nuwe troepies", in *Vaal Ster*, 11.11.1983.

22 Anon, "Handleiding vir troepies", in *Vaal Ster*, 16.02.1987.

23 G. van der Merwe (red.), *Diensplig/National Service 1989* (Sandton, Gordon Publishing, 1989), p. 2.

Februarie 1978. Die onderwerp was: Militêre opleidingstermyn van twee jaar – hoe die jeug daarby moet inpas.[24]

Die hoop is uitgespreek dat die veranderde dienspligstelsel sou meebring dat Suid-Afrika 'n volksweermag op die been kon bring waarvan elke lid gemotiveerd sal wees en in die uitdelging van die vyand sou glo.[25] Die dienspligstelsel wat op 1 Januarie 1983 in werking getree het, is ontwerp om die groter wordende behoefte aan mannekrag in die weermag die hoof te bied. [26] Daar is gemeen dat dié stelsel sou verseker dat geen gebied in Suid-Afrika meer kwesbaar sou wees nie omdat daar orals mannekrag beskikbaar sou wees.[27] Ambagsmanne was as gevolg van die twee jaar diensplig vir lang tye van hulle werksplekke afwesig, terwyl die opleidingstydperk van vakleerlinge ook daardeur geraak is. Die lid van die volksraad (LV) vir Overvaal, Chris Ballot, was een van die parlementslede wat hulle daarvoor beywer het dat vakleerlinge wie se opleidingstydperk deur die verlengde dienspligstelsel geraak is, tegemoet gekom moes word.[28]

Kol. P. van der Walt, direkteur van militêre skakeling van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), het op 9 Mei 1983 op die jaarvergadering van die Suiderkruisfonds se Sasolburg-tak gesê dat die doelwit van die nuwe stelsel, totale betrokkenheid was en dat die hele gemeenskap dus betrek moes word. Dit sou onder meer die totale betrokkenheid van die weermag en die polisie by burgerlike beskerming insluit. Die kommando's sou ook op 'n nuut aangepaste wyse funksioneer met die klem op plaaslike verdediging.[29] Mense soos Pieter Nel van Sonlandpark, wat vir jare lank

---

[24] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 2, Houer 420, 304/3/6, Teleksvorm ongeklas HSP(6)/296/Jan 78, Demobilisasiebeplanning.

[25] Anon, "Vir baie straks eerste keer in uniform", in *Vaalweekblad*, 16.04.1982.

[26] Anon, "Vroueblad: Wees trots op vegtende man", in *Vaalweekblad*, 15.03.1983.

[27] Vgl. K.W. Grundy, *The militarization of South African politics* (Oxford, Oxford University Press, 1988), p. 29.

[28] Anon, "Diensplig en opleiding van vakleerlinge", in *Vaalweekblad*, 30.04.1982; Anon, "Vakleerlinge: Nuus oor diensplig", in *Vaalweekblad*, in 04.06.1982.

[29] Anon, "Kwelkwessie oor diensplig kry antwoorde", in *Vaalweekblad*, 10.05.1983.

probeer het om vir militêre diens in aanmerking te kom, se wens is vervul toe hy ingevolge die *Buttermilk*-stelsel in 1987 op vyftigjarige ouderdom vir militêre diens opgeroep is.[30]

Immigrante jongmans wat reeds drie jaar in die land woonagtig was, is ná 1982 verplig om militêre diensplig te verrig.[31] Die immigrante wat nie diensplig wou verrig nie, sou outomaties hulle permanente verblyfreg verbeur.[32] Die direkteur van die Vaaldriehoekse Technikon, dr. I. Steyl, het oor die moontlikheid bespiegel dat meisies hospitaaldiens moes verrig, ten einde gereedheid vir 'n krisissituasie te verskerp.[33] Die groter verdedigingsuitgawe, die feit dat die ekonomie sonder minder mannekrag moes klaarkom en die droogte wat destyds geheers het, het die land ekonomies geknoei.[34]

### 10.2.3 DIE INBURGERING VAN DIENSPLIGTIGES

Die bevelvoerder van 13 Veldambulans, kmdt. F. Gunn, het die Dink-en-Doen-Klub van Vanderbijlpark op 7 Maart 1978 toegespreek oor die aanpassingsprobleme wat teruggekeerde soldate ervaar. Hy was egter van mening dat die tweejaar-dienspligstelsel voordele vir die samelewing sowel as die ekonomie ingehou het.[35] Die hoof van die vloot, s.adml. R. A. Edwards, het in sy toespraak tydens die Republiekdagfeesvieringe van 1978 op Vanderbijlpark gesê dat die weermag dringend aan 'n plan vir die opname van teruggekeerde soldate in die gemeenskap aandag moes gee. Dié plan het onder meer voorsiening gemaak vir werk vir diegene wat werkloos was, rehabilitasie vir

---

[30] J. Farr, "Piet's in the Army – after 32-year wait", in *Vaalweekblad*, 08.05.1987; Sien ook nuwe dienspligstelsel op vorige bladsy; Vgl. ook J. A. van Wyk, "Steeds kampioene: Pa van 50 doen opleiding voor sy seun van 17", *Paratus*, 38(4), April 1987, p. 11.

[31] Anon, "Nuwe wetgewing t.o.v. militêre diensplig beoog", in *Vaalweekblad*, 22.10.1982.

[32] Anon, "Help Suid-Afrika of doen militêre diens, immigrante vertel", in *Vaal Ster*, 09.03.1984.

[33] Anon, "Moontlike verpligte hospitaaldiens in toekoms", in *Vaalweekblad*, 11.11.1983.

[34] Anon, "Ekonomie gaan nóg opoffering vra", in *Vaalweekblad*, 05.06.1984; Vgl. ook Anon, "Vroueblad: Wees trots op vegtende man", in *Vaalweekblad*, 15.03.1983.

[35] Anon, "Dienspligtiges: ouers moet vertel van afwykings", in *Vaalweekblad*, 10.03.1978.

diegene met welsynsprobleme en finansiële hulp vir diegene wat tydens militêre diens vermink of gestremd geraak het.[36]

Die verlenging van die nasionale diensplig na twee jaar aan die begin van 1976 het vir die teruggekeerde soldaat drie probleme teweeg gebring, naamlik werkloosheid, aanpassing en welsyn. Daarom is besluit om komitees vir die heraanpassing van dienspligtiges te stig. Die eerste komitee wat in die Vaaldriehoek met die heraanpassing van dienspligtiges gemoeid was, is gedurende Januarie 1978 op Vanderbijlpark gestig. Die stigtingsvergadering van die komitee is toegespreek deur brig. J. E. Louw, direkteur oriëntasiedienste van die weermag. 'n Beroep is op kultuurorganisasies, soos die Rapportryers, kerke, vroue-organisasies en werkgewers gedoen om by die aksie betrokke te raak.[37] Die stelsel van inburgeringskomitees was 'n aksie wat deur die direktoraat oriëntasiedienste van die weermag, onder leiding van brig. J. E. Louw, op die been gebring is.[38]

Op Sasolburg is daar aan die einde van 1978, met die oog op die terugkeer van die eerste tweejaardiensplig-inname, besluit om 'n organisasie vir die inburgering van soldate te stig.[39] Die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) het ook 'n brief aan die direkteur van oriëntasiedienste van die weermag gerig, waarin genoem is dat 'n vakaturelys van poste by SASOL na al die kantore van die departement van arbeid versprei sal word, sodat veral

[36] Anon, "Weermag het plan vir manne na grensdiens", in *Vaalweekblad*, 09.06.1978.

[37] Anon, "Komitee vir hulp aan dienspligtiges", in *Vaalweekblad*, 20.01.1976.

[38] Anon, "Inburgering van terugkerende NDP's: komitees nou slaggereed!", *Paratus*, 30(1), Januarie 1979, p. 35.

[39] Anon, "Organisasie gestig vir dienspligtiges", in *Vaalweekblad*, 11.08.1978; Anon, "Helpende hand vir dienspligtiges", in *Vaalweekblad*, 06.10.1978; Vgl. ook Anon, "Inburgeringsraad sal dienspligtiges help", in *Vaalweekblad*, 30.09.1980.



Illus. 77: Die inburgeringskomitee en 'n aantal teruggekeerde dienspligtiges in 1983 op Vereeniging.

Bron: *Ds. Dries Coetzer.*

ouddienspligtiges daarvan kon kennis neem.[40] 'n Soortgelyke liggaam is in November 1978 in Vereeniging gestig nadat die administrateur van Transvaal 'n beroep op die gemeenskap gedoen het om met die inskakeling van dienspligtiges behulpsaam te wees. Onder die leiding van die burgemeester van Vereeniging het 'n raad bestaande uit vier komitees tot stand gekom wat met die inskakeling van dienspligtiges gemoeid was. Die vier komitees was 'n komitee vir werkverskaffing, vir fisiese hulpverlening en welsynsdienste, vir kerklike en kulturele inskakeling en vir oudsoldate om werkgeleenthede te vind.[41] Min teruggekeerde soldate het egter by die komitee vir die inburgering van teruggekeerde soldate ingeskakel, omdat heelwat van die soldate reeds voordat hulle uitgeklaar het reëlings getref het om poste te bekom.[42]

Die *Vaalweekblad* het in Junie 1979 'n beroep op die gemeenskap gedoen om dienspligtiges wat aan die einde van Junie 1979 sou uitklaar, weer tuis te laat voel. Die soldate is as die 'verlore seuns' beskryf.[43] Die Vereenigingse komitee vir die inburgering van nasionale dienspligtiges het op 4 Julie 1983 'n byeenkoms in die Vereenigingse biblioteek gehou om vas te stel hoe teruggekeerde dienspligtiges gehelp kon word. Daar sou veral aan aspekte soos werkverskaffing en werksprobleme aandag gegee word.[44] Daar is verwag dat

---


[40] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 2, Houer 420, 304/3/1, Demobilisasiebeplanning SA Leër, Brief van die sekretaris, departement van arbeid, aan die Direkteur van Oriëntasiedienste SAW: Werkverskaffing aan ouddienspligtiges, 20.10.1978.

[41] Anon, "Raad sal dienspligtiges help op Vereeniging", in *Vaalweekblad*, 17.11.1978; Anon, "Vereeniging is ready to aid servicemen", in *Vereeniging &Vanderbijlpark News*, 17.11.1978; Vgl. ook Anon, "Council aid ex-Soldiers: Committee to be formed", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.09.1978; Anon, "Dienspligtiges moet nou weer by samelewing inskakel", in *Vaalweekblad*, 22.06.1984.

[42] MAV, p. 86. 28022000, Coetzer, D., (60) Drie Riviere; Vgl. ook Anon, "Helfte het werk", in *Oggendblad*, 06.12.1978, p. 2.

[43] Anon, "Kommentaar: 'Civvie-straat' ", in *Vaalweekblad*, 22.06.1979.

[44] Anon, "Komitee wil help om 'troepies' tuis te laat voel", in *Vaal Ster*, 01.07.1983; Anon, "Hulp vir dienspligtiges", in *Vaalweekblad*, 01.07.1983.




Tekening 2: Tekening wat uitgeklaarde soldate terug verwelkom het.
Bron: *Vaal Ster,* 01.07.1983

aan die einde van Julie 1983 in Vereeniging alleen ongeveer 150 dienspligtiges sou terugkeer.[45]

Die Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys het in Januarie 1976 aangekondig dat studente wat deur die tweejaar-dienspligstelsel geraak is, gehelp sou word om met hulle studie op datum te kom.[46] Die Vereenigingse Kollege het in samewerking met die departement van mannekrag gratis kursusse vir teruggekeerde dienspligtiges aangebied. Die kursusse wat aangebied is, was in motorvoertuigbakherstelwerk, spuitverfwerk, motordieselwerktuigkunde en pas-en-draai.[47] Die Soldate Sentrum in Vereeniging het in Desember 1988 dienspligtiges formeel terugverwelkom.[48]

## 10.3 PROJEKTE VIR VAALDRIEHOEKSE GRENSSOLDATE

Die veldtog in Angola het tot gevolg gehad dat 14 Januarie 1976 as 'n dag van verootmoediging afgesonder is. Op die dag is in die besonder voorbidding vir die Januarie 1976 inname van die weermag gedoen. Daar is berig dat die kerke van die Vaaldriehoek op die dag stampvol was.[49] Die kapelaan-generaal van die weermag, genl. maj. J. A. van Zyl, het destyds die volgende gesê:

> Hierdie stryd gaan nie net om die behoud van ons dierbare land nie, maar dit gaan om die dinge wat vir ons dierbaar is, naamlik God en ons geestelike erfenis.[50]

Aangesien pos 'n belangrike rol in die moreel van soldate gespeel het, het die weermag gesorg dat daar oor die Kerstyd spesiale reëlings hiervoor getref is.

---

[45] Anon, "Die troepies keer terug", in *Vaalweekblad*, 01.07.1983; Vgl. ook Anon, "Komitee gaan help om dienspligtiges terug te verwelkom", in *Vaalweekblad*, 15.07.1983.

[46] Anon, "Tech will help men on border", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 16.01.1976.

[47] Anon, "Kollege bied gratis kursus vir dienspligtiges", in *Vaal Ster*, 06.07.1983.

[48] Anon, "Dienspligtiges klaar uit", in *Vaalweekblad*, 23.12.1988.

[49] Anon, "Vaal-kerke stampvol vir ootmoed-dienste", in *Vaalweekblad*, 16.01.1976.

[50] Anon, "Stry teen Satan en trawante", in *Uniform*, 03.05.1976.

Spesiale versendings is ook na Vereeniging en Vanderbijlpark gereël.[51] Daar is gemeen dat briewe soms meer werd as kospakkies of kledingstukke vir soldate was.[52] Soldate is op verskillende wyses deur verskillende organisasies ondersteun. Geld is ingesamel, pakkies met vrugterolle en koekies na die grens versend en leesstof is bymekaargemaak.[53]

### 10.3.1 FONDSINSAMELINGS

'n Oujongkêrel van Vereeniging, W. J. Slabbert, het in Mei 1976 in sy testament bates ter waarde van R223 975 aan die weermag bemaak. Hy het die erflating gemaak omdat hy 'n baie goeie indruk van die weermag gehad het en omdat hy nie 'n seun gehad het wat in die weermag kon dien nie. Die geld is in die SA Weermag Instituut Trustfonds gestort.[54] Een van die bates wat mnr. Slabbert aan die weermag nagelaat het, was sy herehuis in Drie Riviere.[55]

Verskillende fondsinsamelingspogings vir die soldate op die grens is aangepak. Metal Box het 2 000 skinkborde met die tema 'Vanderbijlpark 1976' as 'n fondsinsamelingspoging geskenk. Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR) Uitvoerende Kunstevereniging het vanaf 3 tot 6 November 1976 die toneelstuk 'Die Pantoffelmoordenaars' ten bate van die soldate op die grens aangebied.[56] Die Rotaritas van Vanderbijlpark het op 30 Maart 1979 by die Holiday Inn op die dorp 'n kabaret aangebied. Geld wat op die wyse ingesamel is, is ook vir die grenssoldate bewillig.[57] Die Suiderkruisfonds het op

---

[51] Anon, "Kersvaders van die SAW se possakke", *Paratus*, 35(1), Januarie 1984, p. 46.

[52] Anon, "Briewe meer welkom as kos op grens", in *Vaalweekblad*, 18.06.1976.

[53] B. Jacobs, "Openbare sake: Diens aan weermagmanne", *TVLU-nuus*, 22(8), Aug./Sept. 1983, p. 17; MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

[54] Anon, "Defence force is Vereeniging man's heir", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 16.05.1975; Vgl. ook Anon, "R 233 795 aan die Weermag bemaak", in *Byvoegsel tot Paratus*, Mei 1975, p. i.

[55] DDD, Pretoria, 73 brigade hk, Groep 1, Houer 4, Lêer A/ADM/6/0, Historiese dokumente, Beknopte geskiedenis: 73 mot bde.

[56] Anon, "Skinkborde gaan geld vir grensmanne insamel", in *Vaalweekblad*, 15.10.1976.

[57] Anon, "Kabaret vir grensmanne", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979; Anon, "Dienspligtiges sal baat", in *Vaalweekblad*, 26.01.1979.

7 Maart 1981 'n dans in die burgersentrum van Vereeniging gehou.[58] Die eggenotes van die LV van Vanderbijlpark, mev. Lena Viljoen, en die lid van die provinsiale provinsiale raad (LPR), mev. Marianne du Toit, van Vanderbijlpark het op 22 September 1981 'n lentetee ten bate van grenssoldate by die ISCOR-klub aangebied.[59] Die Vroueaksie van die Nasionale Party in Transvaal het gedurende September 1983 'n teeparty ten bate van die soldate op die grens aangebied.[60] Die Oranje Vroueverenigingtak op Parys het op 18 September 1980 sy jaarlikse lentevergadering gehou. Die gemeenskap van Parys is uitgenooi om op dié dag R1.00 saam te bring wat aan die Weermagfonds geskenk sou word. Die gedagte was dat die geld aangewend moes word om gewonde en verminkte soldate te help.[61]

Die *Lions*, Ronde Tafel en Rotariërs van Sasolburg het vir 11 September 1976 'n bierfees ten bate van soldate op die grens geskeduleer.[62] 'n Gedeelte van die opbrengs van die Mej. Vaaldriehoek-kompetisie wat in Maart 1977 gehou is, is in die vorm van 'n tjek deur die organiseerder van die kompetisie aan die bevelvoerder van die Vanderbijlpark Kommando, kmdt. Ben Schempers, ten bate van die Suid-Afrikaanse Leërfonds oorhandig.[63] Die Suid-Afrikaanse Leërfonds het in 1975 begin met die ontwikkeling van 'n vakansieoord by die Vaal dam.[64]

Die hoofbestuurder van ISCOR Vanderbijlpark, mnr. John Ridell, het in Augustus 1982 'n tjek ten bedrae van R103 275 aan die hoof van die weermag, genl. Constand Viljoen, oorhandig. Die geld is deur beide wit en swart werknemers van

---

[58] Anon, "Gewilde orkes by dans vir grensmanne", in *Vaalweekblad*, 03.03.1981.

[59] Anon, "Lentetee vir grensbewakers", in *Vaalweekblad*, 04.09.1981.

[60] Anon, "Militêre diensplig verryk ons seuns", in *Vaalweekblad*, 11.11.1983.

[61] Anon, "Skenk R1.00 vir weermagfonds vra OVV die Parysenaars", in *Vaalweekblad*, 12.09.1980.

[62] Anon, "Bierfest to aid men on border", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.05.1976.

[63] Anon, "Foto: 'n Tjek van R127 is aan kmdt. B.S. Schempers .... oorhandig", in *Vaalweekblad*, 11.03.1977.

[64] Anon, "Leërfonds gaan van krag tot krag", in *Byvoegsel tot Paratus*, Mei 1975, p. i.



Illus. 78: Genl. Constand Viljoen, hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, ontvang 'n tjek vir R103 275 van mnr. John Ridell, hoofwerkebestuurder van ISCOR.

Bron: Anon, "Toonbeeld van betrokkenheid: Yskoriane stel 'n voorbeeld", in *Vaalweekblad*, 31.08.1982.

ISCOR ingesamel. Genl. Viljoen het daaroor die volgende gesê:

> Die Suid-Afrikaanse Weermagfonds is 'n saambindende krag wat 'n kanaal skep waarlangs elke inwoner, ... betrokke kan wees by die verdediging van die land en by die poging om die moreel van die veiligheidsmagte hoog te hou.[65]

Die weermag se sportraad het besluit om dié geld na die Soutpansberg militêre gebied (SMG) te kanaliseer omdat ingerigte ontspanningsfasiliteite in daardie stadium nog nie in dié gebied bestaan het nie. Meneer John Riddell het die kompleks geopen en 'n gedenkplaat onthul. Onderskraging vanuit siviele oorde is as noodsaaklik beskou om dit vir die soldaat op die grens aangenamer te maak.[66] Oor dié poging het die bevelvoerder van die SMG, kol. J. Swanepoel, gesê:

> Elke burger kan by sy werkplek 'n deel doen om 'n veilige toekoms vir ons land te verseker. Hy hoef nie noodwendig in uniform te wees nie. Die ISCOR-werkers van Vanderbijlpark het hierdie stelling onteenseglik bewys.[67]

### 10.3.2 GRENSPAKKIES

Die vroue van Parys en Vredefort het in Desember 1975 kartonne met koek, beskuit, lekkers, biltong, neute en ander lekkernye na die grens gestuur. Die regering het daarmee saam R2.00 aan elke man beskikbaar gestel ter aanvulling van die Kersete van 1975.[68] Nadat mev. Ragie van Vuuren van Meyerton, eggenote van die LPR van Meyerton, 'n beroep op alle organisasies, kerke en verenigings van die dorp gedoen het om by te dra tot die welsyn van soldate op die grens, kon 'n militêre vragmotor vol houers in Februarie 1976 na Pretoria

---

[65] Anon, "Toonbeeld van betrokkenheid: Yskoriane stel 'n voorbeeld", in *Vaalweekblad*, 31.08.1982; Anon, "Yskor skenk R103 275 aan SAW", *Paratus*, 33(10), *Oktober* 1982, p. 50.

[66] Anon, "Yskor-werkers steun soldate", *Paratus*, 38(8), Augustus 1987, p. 15.

[67] Anon, "Yskor-werkers steun soldate", *Paratus*, 38(8), Augustus 1987, p. 14.

[68] Anon, "Vaaldames stuur baie lekkernye na grens", in *Vaalweekblad*, 19.12.1975.

vertrek vanwaar die houers na die grens versend is.[69] Die aptekers van die Vaaldriehoek het in Februarie 1976 aptekersbenodigdhede na die noordgrens van Suidwes-Afrika versend, nadat duisende Portugese vlugtelinge vanuit Angola daar gestrand was.[70] Die *Rotary Anns* het in April 1976 vyf kartonne vol lekkernye versend aan twee Vaaldriehoekse militêre eenhede wat toe met grensdiens besig was.[71] Die Vereeniging-tak van die Rooikruis het almal bedank wat donasies vir die Angolese vlugtelinge gemaak het.[72]

Die *Vereeniging & Vanderbijlpark News* het in Desember 1976 'n aantal riglyne bekend gemaak vir naasbestaandes van soldate wat pakkies na die grens wou stuur. Hulle is verseker dat die weermag die Kerstyd so aangenaam moontlik vir soldate wou maak.[73] Skole het ook pogings aangewend om hulle deel vir die grenssoldate by te dra. Die destydse Hoër Handelskool Lettie Fouché op Vanderbijlpark het in Desember 1976 kospakkies vir die soldate op die grens voorberei. In elke pakkie was daar 'n briefie van die dogter wat die betrokke pakkie voorberei het. Die bevelvoerder van die Vanderbijlpark Kommando, kmdt. B. Schempers, het die hoop uitgespreek dat ander skole spoedig die voorbeeld van Lettie Fouché sou volg.[74]

Die Transvaalse Vroue Landbou-unie (TVLU) se takke in die Vaaldriehoek het ook grenspakkies opgemaak en na die grens versend. Die Drie Riviere-tak van die TVLU het gereël dat dogters van die Hoërskool Drie Riviere vriendskaplike

---

[69] Anon, "Goodies head for border", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 20.02.1976; Anon, "Vragwa vol eetgoed vir dienspligtiges", in *Vaalweekblad*, 19.12.1975.

[70] Anon, "Foto: 'n Onderoffisier van die Suid-Afrikaanse Weermag staan hier en kyk terwyl weermagmanne aptekersbenodighede op 'n militêre vragwa laai", in *Vaalweekblad*, 27.02.1976.

[71] Anon, "More goodies for border men", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 09.04.1976.

[72] Anon, "Red Cross thanks", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 09.04.1976.

[73] Anon, "Happy Christmas for boys on the Border", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 03.12.1976; Vgl. MAV, p. 49. 13012000, Enslin, R., (55) Arconpark.

[74] Anon, "Kospakkies aan grensmanne: Hoër Handelskool Lettie Fouché toon so hul waardering", in *Vaalweekblad*, 11.12.1981.



Illus. 79: Die Sasolburgse Organisasie vir Nasionale Dienspligtiges het in November 1983 boeke na die grens gestuur.

Bron: Anon, "Manne in uniform bedank met byna 4000 boeke", in *Vaalweekblad*, 02.12.1983.

briewe na die grens stuur.[75] Die Sasolburgse Organisasie vir Nasionale Dienspligtiges het in November 1983 vierduisend boeke vir verspreiding op die grens verpak. In elke boek was die boodskap "Sasolburg bedank u" gestempel.[76]

Die ondersteunende rol van die vrou in bogenoemde pogings is in die *TVLU-nuus* soos volg uitgedruk:

> Die bewakers van ons vrede vra vir onderskraging en bemoediging deur ons as vrou en moeder.[77]

### 10.3.3 "GRENSWEDUWEES"

Die feit dat weerbare jongmans vir lang tye weg van die huis met militêre verpligtinge besig was, het daartoe gelei dat mettertyd na die eggenotes wat alleen tuis agterbly het, as 'grensweduwees' verwys is. Die eggenote van die bevelvoerder van die Regiment Overvaal, mev. L. Human, het in Mei 1976 'n groep vroue van soldate wat met grensdiens besig was op Meyerton toegespreek.[78]

Die burgemeester van Vanderbijlpark, Herman Schroeder, het aan die einde van Junie 1976 'n afskeidsfunksie vir die Vanderbijlpark Kommando, wat kort daarna met grensdiens vertrek het, gehou. Schroeder het beklemtoon dat 'grensweduwees' wat probleme tydens die afwesigheid van hulle mans sou ervaar, met die Suiderkruisfonds moes skakel.[79] Toe die Vanderbijlpark Kommando weer in Maart 1979 met grensdiens vertrek het, is daar op die gemeenskap 'n beroep gedoen om nie van die grensweduwees te vergeet nie.[80] Bevelvoerders het destyds besoeke by die gesinne van grenssoldate gaan aflê.

---

[75] MAV, p. 201. 21112000, Steyn, M., (66) Drie Riviere.

[76] Anon, "Manne in uniform bedank met byna 4000 boeke", in *Vaalweekblad*, 02.12.1983.

[77] Vgl. B. Jacobs, "Openbare sake:Die vrou en die dienspligstelsel", *TVLU-nuus*, 22(8), Aug./Sept. 1983, p. 17.

[78] Anon, "Grensweduwees kry raad oor liefde, blikkieskos", in *Vaalweekblad*, 21.05.1976.

[79] Anon, "Fonds se deure oop vir grensweduwees", in *Vaalweekblad*, 02.07.1976.

[80] Anon, "Grensweduwees", in *Vaalweekblad*, 23.03.1979.

Slegs enkele gevalle het voorgekom waar gesinne as gevolg van die vader se grensdiens in nood verkeer het.[81]

Soldate het ook hulle waardering laat blyk. 'n Onbekende grenssoldaat het in Mei 1976 'n brief aan die *Vaalweekblad* geskryf waarin hy sy dank daarvoor uitgespreek het dat dié koerant ook na die grens gestuur is.[82] 'n Majoor S.W. de Beer, wat op daardie stadium op Katima Mulilo grensdiens verrig het, het insgelyks in 'n brief aan die *Vaalweekblad* sy dank uitgespreek.[83]

## 10.4 DIE TEGEMOETKOMING VAN SOLDATE DEUR WERKGEWERS

Soldate wat met militêre verpligtinge besig was, is deur werkgewers tegemoet gekom wat betref salarisse. Die *African Oxygen and Acetylene Company* (AFROX) groep in die Vaaldriehoek het reeds in Maart 1974 sy werknemers aangemoedig om hulle burgermagdiens te verleng. Werknemers sou hulle volle salaris tydens kampe ontvang. Dié stap is deur genl. maj. N. Webster as 'n belegging in verdediging gesien en hy het ook gemeen dat die vrywilligers met verlengde diens die sleutelpersoneel in die verdedigingsopset was.[84] Generaal-majoor Neil Webster het in Maart 1975 op die radioprogram *Top Level* aan werkgewers gevra om lede van die burgermag en kommando's wat vrywillig hulle diens verleng, by te staan.[85]

Generaal Webster het 'n beroep op Vaaldriehoekse werkgewers gedoen om werknemers wat opgeroep is, finansieel te ondersteun. Die meeste

---

[81] MAV, p. 95. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark; MAV, p. 164. 27062000, Veldman, C. S., (57) Buyscelia.

[82] Anon, "Ons blad welkom by grensmanne", in *Vaalweekblad*, 14.05.1976.

[83] S.W de Beer, "Brief: Sasol-kompanie, Seksie T, Katimo Mulilo: Vaalweekblad welkom op grens", in *Vaalweekblad*, 06.05.1977.

[84] Anon, "Afrox invests in defence", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 15.03.1974; Vgl. ook Anon, "Nuusbrokkies: 'n Goeie voorbeeld", *Byvoegsel tot Paratus*, Mei 1974, p. viii.

[85] Anon, "Join now and keep our land, sea and skies inviolate", *Paratus*, 26(4), Maart 1975, p. 30.



# VANDAG: OPLEIDING VIR JOU LAND SE TOEKOMS.

Vandag word jy opgelei om ons land te beskerm. Maar binnekort sal jy aan opleiding vir jou eie toekoms moet dink. Sasol bied daardie opleiding – in byna enige rigting waarin jy belangstel. Plus die geleentheid om 'n loopbaan te bou en sukses te behaal waaroor jy nou maar net droom.

**Maar is Sasol dan nie net petrol nie?**

Baie mense dink so. Eintlik bestaan die Sasol-groep uit baie maatskappye met een doelwit: om Suid-Afrika van energie te voorsien. In een van hierdie maatskappye is daar 'n werk uitgeknip vir jou. En omdat die groep se bedrywighede so vinnig uitbrei, is die kanse op sukses byna onbeperk.

**Kan ek met st. 8 of matriek begin?**

Beslis ja. Sasol kan opleiding gee wat jy vir die res van jou lewe nuttig sal vind. By ons kan jy byvoorbeeld 'n laboratorium-assistent word, of 'n proseskontroleur, of 'n vakman. As jy bo 21 is, kan jy aan ons kwekeling-vakmanskema deelneem en binne 12–24 maande as instrumentwerktuigkundige, passer of draaier, elektrisiën, sweiser, takelaar, motorwerktuigkundige of ketelmaker kwalifiseer. En onthou – 'n man met Sasol-opleiding word oral aanvaar en gerespekteer.

**En as ek verder wil studeer?**

Sasol stel elke jaar beurse beskikbaar aan gekeurde studente of voornemende studente wat aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit wil studeer. As jy meer wil weet, skryf net aan ons by die onderstaande adres.

**Wat beteken my graad vir my by Sasol?**

Gegradueerdes is gesogte mense by Sasol. 'n Graad kan jou 'n sleutelposisie in jou studierigting besorg – of as jy aanleg vir bestuur toon, kan jy 'n belangrike bestuurspos vul. Sasol soek veral na chemiese, werktuigkundige, elektrotegniese, siviele en myningenieurs, en ook na industriële skeikundiges en fisici. Daar is geleenthede vir gegradueerdes in feitlik elke ander rigting – van die handel en rekeningkunde tot lettere en wysbegeerte. As jong gegradueerde is daar ook die kans om jou deur middel van verskeie opleidingsprogramme vir verantwoordelike poste in jou rigting te bekwaam.

**Wat van salaris, vooruitsigte, woonplek?**

Sasol betaal uitstekende salarisse, bepaal volgens kwalifikasies en ondervinding. Jou kanse op bevordering is buitengewoon goed. Byvoordele soos 'n pensioenfonds, mediese skema, jaarlikse vakansiebonus en ruim verlofvoordele word aangebied. Plus eersteklas huisvesting, moderne sport- en ontspanningsgeriewe en nog baie meer.

Jy sal òf in Sasolburg (ongeveer 80 km va Johannesburg af langs die Vaalrivier) òf in Secunda (ongeveer 75 km van Springs af die Oos-Transvaal) werk. Albei dorpe is modern, goed beplan en ruim voorsiening word gemaak vir ontspannings-, opvoedi en kultuurgeriewe.

**Waar kan ek nog meer uitvind?**

Die Personeelbestuurder,
Sasol Een (Edms) Beperk, Posbus 1, Sasolburg, 957

Die Personeelbestuurder,
Sasol Twee (Edms) Beperk, Posbus 1, Secunda, 230

Die Personeelbestuurder,
Sasol Drie (Edms) Beperk, Posbus 600, Secunda, 23

Die Personeelbestuurder,
Sasol Beperk, Posbus 5486, Johannesburg, 2000.

Die Personeelbestuurder,
Secunda Steenkoolmyne, Posbus 3, Secunda, 2302.

Onthou – jy staan onder geen verpligting nie!

**SASOL**

# MÔRE: OPLEIDING VIR JOU EIE TOEKOMS.



Advertensie 5
Bron: *Paratus*, 33(12), Des. 1982.



Tekening 3: Tekening wat die tegemoetkoming van soldate deur hulle werkgewers voorstel.

Bron: Anon, "Hierdie werkgewers dra belange van NDP's op die hart", Paratus, 31(10), Julie 1980, p. 34.

ondernemings in die Vaaldriehoek het positief op dié beroep gereageer. SASOL het aangekondig dat werknemers wat vir militêre diens opgeroep is, eers vir 'n maand na hulle terugkoms moes werk voordat 50 persent van hulle salaris uitbetaal sou word. Die balans sou dan maandeliks oor een jaar aan hulle uitbetaal word.[86] Die Unie Staalkorporasie (USCO) het aan werknemers wat vir militêre diens opgeroep is, hulle volle salaris minus hulle soldy uitbetaal. Dié reëling het vir burgermaglede en dienspligtiges gegeld. Salarisse wat aan soldate uitbetaal is, het USCO teen 1976 R250 000 per jaar gekos.[87] By ISCOR is 80 persent van die militêre soldy van werknemers afgetrek. Soldate het 80 persent van hulle salaris ontvang, maar moes na diensplig nog twee jaar vir ISCOR werk. Die familielede van getroudes kon ook vir die duur van die dienspligtydperk in ISCOR-huise aanbly.[88]

Trust Bank het die terugbetaling van huurkoop-transaksies op versoek van soldate vir die duur van 'n kamp opgeskort. Hulle het ook 'n afslag op die rente ontvang terwyl hulle met militêre diens besig was.[89] By Volkskas Bank is die volle salaris van soldate betaal. Werknemers het 50 persent van hulle salaris 18 maande na die voltooiing van diensplig ontvang. Die res is 18 maande later betaal. Soldy is van die salaris afgetrek.[90] Ander bekende instansies wat werknemers met hulle salaris tydens militêre diens tegemoet gekom het, was die poskantoor, die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Barclays Bank en Standard Bank.[91]

---

[86] Anon, "Morale warning: General pay appeal to Vaal employers", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 16.01.1976.

[87] Anon, "Uproar over army wife's claim", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.03.1976.

[88] Vgl. Anon, "Hierdie werkgewers dra die belange van ons NDP's op die hart", *Paratus*, 31(7), Julie 1980, p. 34.

[89] Anon, "Uproar over army wife's claims', in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.05.1976.

[90] Vgl. Anon, "Hierdie werkgewers dra die belange van ons NDP's op die hart", *Paratus*, 31(7), Julie 1980, p. 34.

[91] Vgl. Anon, "Hierdie werkgewers dra die belange van ons NDP's op die hart", *Paratus*, 31(7), Julie 1980, p. 35.

Die stadsraad van Sasolburg het in Januarie 1976 besluit dat alle werknemers wat in sy diens was en vir verpligte militêre opleiding opgeroep is, volle betaling vir daardie tydperk sou ontvang.[92] Die stadsraad van Vereeniging het gedurende Junie 1976 besluit om sy werknemers wat met militêre diensplig besig was, met volle betaling te vergoed. Soldate moes egter hulle soldy en enige gevaartoelae wat hulle sou ontvang aan die Raad terugbetaal.[93]

## 10.5 VERVOERREËLINGS VIR DIENSPLIGTIGES

Dit het soms gebeur dat die uitklaardatum van dienspligtiges as gevolg van operasionele diens in gedrang gekom het. Dit het dan tot vervoerprobleme gelei. 'n Ontstoke soldaat van Vanderbijlpark het in 'n brief aan *Paratus* gevra of dit die dank is wat die soldate gekry het.[94] Daar is destyds verskillende pogings in die Vaaldriehoek aangewend om dienspligtiges veilig by hulle bestemmings te kry.

### 10.5.1 DIE RY-VEILIG-PROJEK

Die tweejaardienspligstelsel het meegebring dat groot getalle soldate wat met naweekverlof onderweg was op ryloop aangewese was. Een van die probleme wat opgeduik het, was om soldate wat met verlof was, veilig by hulle bestemmings te laat uitkom. Die weermag was van die goedgunstigheid van die publiek afhanklik. Daar is by al 4 000 petrol-vulstasies in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika oplaaipunte vir dienspligtiges geskep. Dié poging het as Operasie Ry-Veilig bekend gestaan.[95] Die koördineerder van Operasie Ry-Veilig vir soldate in Vereeniging was ds. Dries Coetzer van Drie Riviere. Deur middel van advertensies in die plaaslike pers en afkondigings in kerke is probeer om mense

---

[92] Anon, "Beurse vir militêre graad beskikbaar", in *Vaalweekblad*, 30.01.976, p. 31.

[93] Anon, "Alle opgeroeptes gaan volle betaling kry", in Vaalweekblad, 04.06.1976; Anon, "New look at Army pay", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.05.1976.

[94] P.M.D. Watson van Vanderbijlpark, "Brief: Lollery toe troepies uitklaar", *Paratus*, 35(2), Februarie 1984, p. 58.

[95] Anon, "Nou opgelaai by vulstasies", in *Vaalweekblad*, 27.10.1978.

te motiveer om rygeleenthede aan dienspligtiges te bied.[96] Teleurstelling is egter in die *Vaalweekblad* uitgespreek dat daar nie daadwerklike ondersteuning van die kant van die publiek vir dié projek was nie.[97]

### 10.5.2 DIE BEL-EN-RY-NA-PROJEK

Die gedagte om saamrygeleenthede vir soldate moontlik te maak, het aanvanklik by die weermag ontstaan, maar is later deur vrywilligers in verskillende dorpe en stede behartig.[98] Deur middel van Fanus Rautenbach se radioprogram *Vra vir Fanus* is landwye rygeleenthede vir dienspligtiges uitgesaai.[99]

In die Vaaldriehoek was ook 'n tak van die 'Bellerynas' bedrywig. Dienspligtiges kon na 'n sentrale punt telefoneer om te hoor of daar vir hulle rygeleenthede saam met siviele persone was. Rina O'Kelly, Ann Beyl, Marlene Thorpe en Trudie van Rensburg het dié taak om vir dienspligtiges saamrygeleenthede te skep, sonder enige vergoeding verrig. Lede van die publiek het telefonies laat weet waarheen hulle op pad was en hoeveel mense hulle kon saamneem, waarop die Bellerynas weer dienspligtiges laat weet het.[100] Daar is nog tot in die vroeë negentigerjare voortgegaan met die Bel-en-Ry-Veilig-projek. Altwee takke in die Vaaldriehoek het toe nog gefunksioneer.[101]

[96] MAV, p. 86. 27022000, Coetzer, D., (60) Vereeniging.

[97] Anon, "Vaalweekblad kommentaar: 'n Swak manier van dankie sê" in *Vaalweekblad*, 20.04.1979.

[98] Anon, "Bellerynas help met ryprobleme", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979; Anon, "Help manne om hul geliefdes te sien", in *Vaalweekblad*, 06.04.1979; Sien ook die rol van vrou.

[99] Anon, "Kitsgids vir NDP's: Begeesterde vroue vind rygeleenthede vir NDP's", *Paratus*, 30(7), Julie 1979, p. 20; Vgl. ook Anon, "Vaalweekblad kommentaar: 'n Swak manier van dankie sê" in *Vaalweekblad*, 20.04.1979.

[100] Anon, "Help dienspligtiges om veilig te ry", in *Vaalweekblad*, 25.01.1980.

[101] Anon, "Laat tog 'n troepie saamry", in *Beeld*, 23.05.1990.



Illus. 80: Die verkeersafdeling van Vereeniging het as deel van Projek Anker die voertuie van dienspligtiges wat uitgeklaar het, geïnspekteer.

Bron: Anon, "Projek Anker kyk na veiligheid", *Vaal Ster*, 12-16.07.1993.

### 10.5.3 PROJEK ANKER

Projek Anker is op 2 Julie 1983 deur die leër in die lewe geroep sodat dood en beserings op die paaie verminder kon word.[102] Binne die raamwerk van verliesbeheer het die hoof van die leër opdrag gegee dat die faktore verantwoordelik vir padongelukke waarby dienspligtiges betrokke was, geïdentifiseer moes word.[103] Teen die einde van 1984 is berig dat Projek Anker tot 'n afname in padsterftes onder dienspligtiges gelei het.[104] In die Vaaldriehoek is voertuie van dienspligtiges wat op Groep 17 gestasioneer was, voor hulle uitklaardatum deur lede van die verkeersdepartement nagegaan om te verseker dat die voertuie padwaardig was.[105] Projek Anker het tot in die vroeë negentigerjare voortbestaan. Daar is jaarliks 'n Projek Ankerweek gehou.[106] Kolonel Frans van den Berg, destydse bevelvoerder van Groep 17, het vertel dat hy homself moreel verplig gevoel het om voertuie van dienspligtiges te laat versien.[107]

### 10.5.4 OORNAGGELEENTHEDE

Die feit dat soldate dikwels sonder behoorlike vervoer ver moes reis en soms langs die pad moes oornag, het daartoe gelei dat 'n aantal besorgde vroue in Bedfordview 'n projek geloods het waardeur 65 gesinne in die omgewing van Bedfordview gratis oornaggeleenthede aan soldate gebied het. Die vroue het ook 'n telefoonnommer in die Vaaldriehoek verstrek indien soldate uit dié streek 'n oornaggeleentheid in Johannesburg nodig gehad het.[108] Daar is verder beplan

---

[102] G. Smit, "Projek Anker het in sy doel geslaag", *Paratus*, 38(10), Oktober 1987, p. 39.

[103] Anon, "Aandag Projek Anker! Leër se grootste poging om veral NDP's van padongelukke te vrywaar", *Paratus*, 34(8), Augustus 1983, p. 70.

[104] Anon, "Campaign leads to decrease in road deaths amongst NSM", *Paratus*, 35(12), Desember 1984, p. 13.

[105] Anon, "Foto: Die Weermag het begin met Projek Anker", in *Vaal Ster*, 22-26.02.1988.

[106] Dagboek, Vereeniging Kommando, bevelsordergroep, 09.10.1990.

[107] MAV, p. 188. 13072000, Van den Berg, F.J., (54) Falconridge.

[108] Anon, "Slaapplek vir dienspligtiges", in *Vaalweekblad*, 30.09.1980.

om een van die geboue by die Vereeniging Kommando in 'n oornagstasie vir soldate te omskep.[109]

## 10.6 ONDERSTEUNING DEUR VAALDRIEHOEKSE STADSRADE

Die Vaaldriehoekse stadsrade het al die militêre eenhede wat in hulle munisipale gebiede gestasioneer was, ondersteun. Afgevaardigdes van die onderskeie stadsrade was ook teenwoordig by funksies soos afskeidsparades wanneer eenhede na die grens vertrek het en het die eenhede later weer terugverwelkom. Die stadsrade het dikwels lede van die veiligheidsmagte uitgenooi na geselligshede en het ligte etes verskaf indien daar militêre aktiwiteite was.[110]

Die bevelvoerder van die Regiment Overvaal (ROV), kol. Lourens Human, het mev. Mary Hoogenhout in Junie 1980 bedank vir die hulp en ondersteuning van haar en haar man, mnr. Cas Hoogenhout, aan die regiment.[111] Mevrou Hoogenhout het in Julie 1975 offisiere van die weermag en die polisie op President-park onthaal. Die eregaste tydens die geleentheid was senator en mev. J. Loock, mnr. en mev. F. W. de Klerk en mnr. en mev. G. G. Ballot. Mevrou Hoogenhout het tydens die geleentheid gesê:

> We are aware of how much we owe to our men in uniform and are proud of them.[112]

Die burgemeester van Vereeniging, N. van Zyl, het die offisiere van die Regiment Overvaal in Mei 1976, nadat die eenheid van grensdiens teruggekeer het, informeel onthaal. Die lede van dié regiment is namens die inwoners van

---

[109] Anon, "Helping pupils to understand", *Paratus*, 34(8), Augustus, 1983, p. 58.

[110] Vgl. MAV p. 88. 27032000, Milani, M., (62) Vereeniging; MAV, p. 60. 24012000, Hoogenhout, M., (75) Drie Riviere.

[111] Anon, "Regiment Overvaal vereer sy span staatmakers", in *Vaalweekblad*, 26.05.1981.

[112] Anon, "Mayor entertains top military men", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 11.07.1975; Vgl.ook Anon, "Foto: Nice girls like a uniform...", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 18.07.1975; MAV, p. 60. 24012000, Hoogenhout, M., (75) Drie Riviere.

Vereeniging bedank vir hulle bereidwilligheid om te help om die grens te beveilig.[113]

Die stadsraad van Sasolburg het in Oktober 1976 'n leë gebou op die dorp se skouterrein aan die Sasolburg Kommando geskenk en het ook aan die begin van 1976 besluit om beurse vir die B.Mil.-graad toe te ken.[114] Tydens die opening van die nuwe kompleks van die Vanderbijlpark Kommando op 9 September 1979 het die minister van verdediging, P. W. Botha, die stadsraad van Vanderbijlpark vir sy aandeel in die oprigting van die kompleks bedank.[115] Hy het tydens die geleentheid gesê:

> Die stadsraad van Vanderbijlpark het, soos ook talle ander plaaslike owerhede, lofwaardig opgetree deur hierdie pragtige en funksionele hoofkwartierkompleks op te rig. Dit dui vir my op 'n gees van wedersydse hartlikheid en samewerking tussen die stadsvaders en die SA Weermag wat u plaaslike gemeenskap tot eer strek ... ek hoop dat die diep erkentlikheid wat ek en die weermag jeens die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap koester vir hulle trou en ondersteuning, baie duidelik geblyk het. [116]

Na afloop van die maandelikse vergadering van die stadsraad van Vereeniging in Augustus 1980, is verteenwoordigers van die bankwese en die bevelvoerder van Groep 17 deur die stadsraad onthaal.[117] Die burgemeester van Vereeniging, mev. Mary Hoogenhout, het in Februarie 1981 'n onthaal vir die veiligheidsmagte

---


[113] Anon, "Regiment se offisiere informeel onthaal", in *Vaalweekblad*, 14.05.1976.

[114] Anon, "Kommando kry gebou by stadsraad", in *Vaalweekblad*, 29.10.1976; Anon, "Beurse vir militêre graad beskikbaar", in *Vaalweekblad*, 30.01.1976.

[115] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer, Regiment Vanderbijlpark, Toespraak deur sy edele P. W. Botha, LV: Minister van Verdediging: Tydens die amptelike opening van die hoofkwartier: Vanderbijlpark Kommando op 9 September 1978, p. 2, 7, 8.

[116] DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenislêer, Regiment Vanderbijlpark, Toespraak deur sy edele P W Botha, LV: Minister van Verdediging: Tydens die amptelike opening van die hoofkwartier: Vanderbijlpark Kommando op 9 September 1978, p. 2, 7, 8.

[117] Anon, "Foto: Verteenwoordigers van die bankwese en militêre bevelvoerders van militêre instellings... is deur die burgemeester onthaal", in *Vaalweekblad*, 05.09.1980.



Illus. 81: Die burgemeester van Vereeniging het verteenwoordigers van die bankwese en militêre instellings op die dorp onthaal.Vlnr. Skippie Botha, LPR, J. Windell, hoof-bestuurder van die bank van die OVS, mev. Mary Hoogenhout, burgemeester, R. K. Pearson, assistant algemene bestuurder van Barclays Bank, kol. Pikkie van Niekerk, bevelvoerder Groep 17.

Bron: Anon, "Verteenwoordigers van die bankwese en bevelvoerders van militêre instellings is na afloop van die maandvergaderiing van die Vereenigingse stadsraad onthaal", in *Vaalweekblad*, 05.09.1980.





Illus. 82: Die stadsraad van Vereeniging het 'n spesiale toekenning aan die kommissaris van polisie, genl. Hennie de Wit, gemaak.

Bron: G. J. Joubert, "Goeie verhouding noodsaaklik", *Servamus*, Januarie 1989, p. 40.

aangebied. Die orkes van die Kommandement Witwatersrand het tydens die geleentheid musiek verskaf.[118] Die stadsraad van Vereeniging het tot in die vroeë negentigerjare een keer per jaar 'n geselligheid vir die lede van die Vereeniging Kommando aangebied.[119]

Die stadsraad van Vereeniging het gedurende Augustus 1988 die polisie vereer toe 'n spesiale toekenning aan die kommissaris van polisie, genl. H.G. de Witt, oorhandig is.[120] Die burgemeester van Vereeniging, mnr. Karel Kleynhans, het die polisie se betrokkenheid by die gemeenskap as 'Wagters op Sionsmure' beskryf.[121] Hy het ook na die polisie as die 'ligdraers in 'n wêreld vol onheil' verwys.[122] Die stadsraad van Vereeniging het in April 1990 'n voertuig aan die Vereeniging Kommando geskenk. Die skenking is egter in die wiele gery deurdat daar probleme met die toekenning van 'n militêre registrasienommer vir die voertuig was.[123] Die Meyertonse stadsraad het in Augustus 1990 besluit om een van die Raad se bakkies aan die Meyerton Kommando te skenk.[124]

## 10.7 BONUSOBLIGASIES IN DIE VAALDRIEHOEK

Die oogmerk met bonusobligasies is saamgevat in die oproep deur die hoof van weermag, genl M. de M. Malan, in September 1976 waarin hy onder meer die volgende gesê het:

---

[118] Anon, "Dank aan manne in uniform", in *Vaalweekblad*, 13.02.1981.

[119] Dagboek, Vereeniging Kommando, Beplanning van braai vir 28.01.1991, 29.10.1990; MAV, p. 88. 270:32000, Milani, M., (62) Vereeniging.

[120] Anon, "SAP sorg vir gemoedsrus", in *Vaalweekblad*, 19.08.1988.

[121] Anon, "Hulde aan land se beskermers", in *Vaalweekblad*, 07.10.1988.

[122] D. Jensen, "Wagters op Sion se mure ...", in *Transvaler*, 12.10.1988.

[123] Minutes of officer commanding order group 1/90 held at Vereeniging commando HQ, 4 April 1990.

[124] Anon, "Geskenk", in *Vaal Ster*, 13-17.08.1990.



Illus. 83: Genl.maj. Neil Webster het R250 000 van die burgemeester van Vanderbijlpark, H. F. Schroeder, ontvang.

Bron: Anon, "Dorp belê R250 000 in Verdediging", in *Vaalweekblad*, 01.07.1977.

> Kom ons bewys dat ons bedoel wat ons sê. Kom ons spaar vir die veiligheid en militêre vermoë van ons land. ... Ons is dit aan onsself, ons land en ons dierbares verskuldig om 'n sukses hiervan te maak.[125]

Generaal-majoor Neil Webster, direkteur-generaal hulpbronne van die weermag, het die Vaaldriehoek as 'n belangrike steunbasis vir die bonusobligasieveldtog gesien. Die veldtog is in Oktober en November 1976 bekend gestel en alle dienende lede van die weermag is aangemoedig om bonusobligasies te koop. Die slagspreuk van die veldtog was: 'Belê in jouself en in die veiligheid van jou land'. Daar is gevoel dat om patriotisme aan 'n gesonde finansiële belegging te koppel, dit die harte en beursies van Suid-Afrikaners sou oopmaak.[126] Die *Vaalweekblad* het berig dat die bonusobligasieveldtog daarop ingestel was om die publiek op 'n aantreklike wyse aan te moedig om geld in die verdedigingswese te belê. Daar is gereeld trekkings gedoen en mense met die betrokke nommers in hulle besit, het groot geldpryse gewen. [127]

Die afdelingsbestuur van die Nasionale Party in die kiesafdeling Overvaal, het R3 000 in Januarie 1977 in verdedigingsobligasies by die Vereenigingse poskantoor belê. Die belegging is as 'n geleentheid ter beskerming van eie bodem gesien.[128] Die Kommandement Witwatersrand het vir Januarie en Februarie 1977 deur die verkoop van bonusobligasies R12,5 miljoen ingesamel. Die bevelvoerder van die Kommandement Witwatersrand het die volgende beroep gedoen:

---

[125] M. de M. Malan, "RSA Nasionale Verdedigingsobligasies: Oproep deur Hoof van die SA Weermag", *Paratus*, 27(10), Oktober 1976, p. 5; Vgl. ook Anon, "Nasionale Verdedigings-obligasies: Mnr. B. J. Vorster se spesiale oproep", *Paratus*, 27(9), September 1976, p. 2.

[126] Anon, "General urges public to back campaign", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 15.10.1976.

[127] Anon, "Overvaal belê R3000, help SA beveilig", in *Vaalweekblad*, 04.02.1977; MAV, p. 60. 24012000, Hoogenhout, M., (75) Drie Riviere.

[128] Ibid.

om te belê in ons toekoms en terselfdertyd 'n goeie opbrengs te verdien... om mee te help dat die leër doeltreffende toerusting het vir die beskerming van ons gemeenskap en land.[129]

Die stadsraad van Vanderbijlpark het in Junie 1977 bonusobligasies ter waarde van R250 000 gekoop. Die burgemeester van Vanderbijlpark het 'n tjek vir dié bedrag aan genl. maj. Neil Webster oorhandig. Generaal Webster het tydens dié geleentheid gesê dat 'n belegging in verdedigingsobligasies van vertroue in die toekoms van die land gespreek het en "ons sal die huidige oorlog uit eie bronne moet finansier" en dat daar 'n nasionale vasbeslotenheid was om die land te verdedig.[130]

Die burgemeester van Parys, Boet van Nieuwenhuizen, het in September 1977 'n tjek ten bedrae van R30 000 aan die bevelvoerder van die Kommandement OVS, brig. M. J. du Plessis, vir die verdedigingsobligasieveldtog oorhandig. Dit was die tweede belegging van Parys in die verdedigingswese. Tydens 'n vorige geleentheid het Parys 'n belegging van R20 000 gemaak. Die dorp was die eerste plaaslike bestuur in Suid-Afrika wat so 'n belegging gemaak het. Die Parys Kommando het ook op 1 Oktober 1977 'n parade gehou waartydens daar bonusobligasies aan die publiek verkoop is.[131] Verdedigingsbonusobligasies is deur Oefening Webbons bekend gestel. Ten einde die maksimum ondersteuning van die publiek te verkry, is besluit om die veldtog te bemark deur die hou van parades in verskillende sentrums reg oor die land.[132]

---

129 Anon, "R12,5 miljoen hier in verdediging belê", in *Vaalweekblad*, 25.02.1977.

130 Anon., "Dorp belê R250 000 in Verdediging", in *Vaalweekblad*, 01.07.1977.

131 Anon, "Obligasies: Parys belê nog R30 000", in *Vaalweekblad*, 23.09.1977; Vgl. ook C. Coetzee, "1 October a memorable day for all South Africans", *Paratus*, 28(10), Oktober 1977, p. 28.

132 DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 13, Deelname aan nie-militêre funksies – Deelname aan skoue, eeufeesvieringe, kermisse, ens, SAW-deelname: Bekendstelling van nuwe verdedigingsbonusobligasie, 16.08.1977.

Die Vaaldriehoekse dorpe, Vereeniging, Vanderbijlpark, Meyerton en Sasolburg, het tussen Oktober 1977 en April 1979 reeds bonusobligasies ter waarde van R1 939 505 verkoop. Die meeste van die obligasies is by die Vereenigingse poskantoor verkoop. By dié poskantoor is sertifikate ter waarde van R942 610 verkoop, wat beteken het dat 188 522 eenhede verkoop is.[133] Die Suid-Afrikaanse Nasionale Lewens Assuransie Maatskappy (SANLAM) het R10 miljoen vir bonusobligasies bewillig om fiksheid in die weermag te bevorder. Diegene wat hoër as 80 persent in 'n fiksheidstoets behaal het, het 'n sertifikaat en bonusobligasies gekry. Lede van 73 Brigade in Vereeniging het in Junie 1979 aan so 'n fiksheidstoets deelgeneem.[134] Die *Star* het op 7 Julie 1981 berig dat vier uit elke vyf gesinne bonusobligasies besit het.[135] Vaaldriehoekers het ook pryse gewen.[136] Nadat die regering in 1983 erken het dat die fondse van bonusobligasies nie uitsluitlik vir verdedigingsdoeleindes gebruik is nie, het die bonusobligasieveldtog 'n skielike einde beleef.[137]

## 10.8 ONDERSTEUNING VAN DIE OORLOG IN RHODESIË

Die Suid-Afrikaanse eerste minister, John Vorster, het op 8 September 1967 aangekondig dat Suid-Afrikaanse polisiemanne na Rhodesië gestuur is. Dié stap is gedoen nadat ANC-magte probeer het om Suid-Afrika vanuit Rhodesië (tans Zimbabwe) binne te kom.[138] Vanaf September 1967 het al meer Suid-Afrikaanse polisiemanne in Rhodesië grensdiens verrig totdat hulle getalle daar uiteindelik op tussen 500 en 600 te staan gekom het.[139] Die *Vereeniging and*

---

[133] Anon, "Vereeniging voor met obligasies", in *Vaalweekblad*, 08.05.1979; Vgl. ook Anon, "defence Bonus Bonds: Clr. Nick Botha set an example", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 07.10.1977.

[134] Anon, "Dié manne wys hoe fiks hulle is", in *Vaalweekblad*, 12.06.1979.

[135] Anon, "4 out of 5 white families own bonds", in *The Star tonight*, 07.07.1981, p. 18.

[136] Anon, "These prizes have not been claimed", in *The Star tonight*, 07.07.1981, p. 14.

[137] Anon, "Bonus Bonds prove popular", in *Star*, 02.12.1983.

[138] H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story: A true perspective* (Pretoria, Contact, 1997), p. 36.

[139] H. D. Stadler (ed.), *The other side of the story...*, p. 36.



Illus. 84: Die ambulans wat aangekoop is as gevolg van Vereeniging se bydrae tot die Suiderkruisfonds. Die ambulans het Vereeniging se naam gedra en is na Rhodesië gestuur.

Bron: Anon, "Vereeniging stuur ambulans na grens", in *Vaalweekblad*, 27.09.1974.

*Vanderbijlpark news* het gemeen dat die polisie in 'n stryd om lewe en dood in Rhodesië betrokke was, ten einde die beskawing te beskerm.[140]

Daar is ook in die Vaaldriehoek pogings aangewend om beide die Suid-Afrikaanse polisiemanne en die Rhodesiese veiligheidsmagte te ondersteun. Die plaaslike Suiderkruisfonds het genoeg fondse ingesamel sodat in Oktober 1974 'n ten volle toegeruste ambulans aan die Rhodesiese veiligheidsmagte geskenk kon word. Dié ambulans is ook tydens die Vaalskou van 1974 ten toon gestel. Die stadsnaam 'Vereeniging' is op die ambulans aangebring. Ander stede wat ook ambulanse geskenk het, was Ermelo, Pietersburg, Johannesburg, Alberton, Pretoria, Sandton en Kaapstad.[141] Vroue van die TVLU-takke in die Vaaldriehoek het klapmusse vir die polisiemanne in Rhodesië gebrei.[142]

'n Amerikaanse sanggroep, 'The sounds of Brigham Young University', het in Julie 1974 deur die land getoer en onder meer ook Vereeniging besoek. Die opbrengs van hulle uitvoerings is aan *Forces 74* geskenk. Die doel van *Forces 74* was om fondse vir die slagoffers van die terroriste-oorlog in Rhodesië in te samel.[143] In November 1974 is daar 'n bal in die Riviera Hotel in Vereeniging gehou om fondse vir die *Rhodesian Border Patrol Welfare Fund* in te samel. Die fondse sou aangewend word:

> ... for the benefit of soldiers keeping the Rhodesian border secure against terrorist incursions.[144]

---

[140] Anon, "Military honour for Const. Buys", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 12.07.1974; Sien ook hoofstuk 13, militêre ongevalle.

[141] Anon, "Vereeniging stuur ambulans na grens", in *Vaalweekblad*, 27.09.1974; Anon, "Vereeniging ambulance joins convoy to Rhodesia", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 04.10.1974; Vgl. ook Anon, "Southern Africa: Welfare – Bush comforts", *To the point*, 2(24), 1 Desember 1973, p. 34D.

[142] MAV, p. 201. 21112000, Steyn, M., (66) Drie Riviere.

[143] Anon, "In aid of Forces 74", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 12.07.1974.

[144] Anon, "They'll come from afar to dance for Rhodesia", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 01.11.1974.

Die burgemeester van Vereeniging, Danie Hoffman, het die publiek aangemoedig om die poging te ondersteun omdat ook die Suid-Afrikaanse polisiemanne daarby sou baat. Die attaché van inligting van Rhodesië, Douglas Garner, het tydens die bal gesê dat Rhodesiërs geensins van plan was om te retireer nie.[145] 'n Amptenaar van die Rhodesiese diplomatieke missie, Rex Viljoen, in Pretoria het op 'n vergadering van die Rotariërs in Vereeniging na die militêre aktiwiteite van die land se veiligheidsmagte verwys.[146] Die tiende herdenking van die onafhanklikheidsverklaring van Rhodesië is ook in November 1975 deur die Rotariërs van Vereeniging gevier. Die burgemeester van Vereeniging, mev. Mary Hoogenhout, was een van die gaste.[147]

Die Suid-Afrikaans Rhodesiese Vereniging het in Mei 1976 'n filmvertoning in Vereeniging aangebied om geld vir die Rhodesiese veiligheidsmagte en die St. Gilles' rehabilitasiesentrum in Salisbury in te samel. Van die fondse sou aangewend word om kragopwekkers vir grensbasisse op die grens met Mosambiek aan te koop. Die twee films wat vertoon is, was *Operation Hurricane* waaraan ook die Suid-Afrikaanse polisie deelgeneem het en *Ivory Trail*.[148] Die *Memorable Order of the Tin Hats* (MOTHS) het ook 'n spesiale fonds gehad waardeur die Rhodesiese veiligheidsmagte met geld en mediese toerusting ondersteun is.[149]

---

[145] Anon, "Aid is urged", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 15.11.1974.

[146] Anon, "Rotary talk: Whites live in Rhodesia with African goodwill", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.11.1975.

[147] Anon, "Foto: At the tenth anniversary celebration of Rhodesian UDI… ", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.11.1975.

[148] Anon, "Films back Rhodesia", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.05.1976.

[149] Sien ook hierdie hoofstuk, ondersteuning van die oorlog in Rhodesië.

## 10.9 WEERMAGPROJEKTE TER ONDERSTEUNING VAN DIE VAALDRIEHOEKSE GEMEENSKAP

Vanuit die geledere van die weermag is verskeie pogings aangewend om die gemeenskap te ondersteun. Die weermag het gedurende 1975 kerkleiers, opvoedkundiges en sakelui na grensbasisse geneem. Een van die toerlede was S. H. Pellisier, hoof van die Hoërskool Sasolburg.[150] Personeellede van Voortrekkerhoogte het in Februarie 1983 'n tjek ten bedrae van R280 aan mev. Mary Hoogenhout, voorsitter van die Elize Groenewald-fonds, oorhandig.[151] Later het 'n groep sakelui, raadslede, nyweraars en munisipale hoofde uit die Vaaldriehoek die SMG besoek. Dié groep is hartlik deur die weermag ontvang en onthaal.[152] Lede van die weermag het aan die groep die grens met Zimbabwe gewys, hulle met militêre wapens laat skiet, op weermagvoertuie laat ry en ook die ontploffing van 'n landmyn aan hulle gedemonstreer.[153]

Daar was ook skakeling tussen die Regiment Vanderbijlpark (RVB) en die Iscor Kommando en Denver Rossouw, 'n spierdistrofielyer. Hy was 'n ywerige versamelaar van weermagartikels.[154] Lede van die Vaal Kommando het in Augustus 1989 kentekens van die eenheid aan Denver geskenk, asook die geleentheid gegee om vanaf sy huis in 'n Buffel-voertuig na die Vaal Kommando te ry.[155] Denver is ook na die amptelike in-gebruikneming van die ingang van die RVB genooi.[156] Die verskillende militêre eenhede van die Vaaldriehoek het

150 J. C. Nieuwoudt & P. Coetzee, "Grensbesoek oriënteer kerkleiers", *Paratus*, 26(8), Augustus 1975, p. 7.

151 Anon, "Foto: Sgt. F. Burger ... of Voortrekkerhoogte presented mrs. Mary Hoogenhout ... with a cheque for R280 ...", in *Vaal Ster*, 04.03.1983.

152 Anon, "Opskeptyd in die bosveld", in *Vaal Ster*, 18-22.08.1986.

153 Anon, "Grensbesoek", in *Vaalweekblad*, 15.08.1986; MAV, p. 89. 27032000, Milani, M., (62) Vereeniging; MAV, p. 84. 24022000, Bell, K., (60) Vereeniging.

154 J. Hennop, "Die weermag is sy lewe", *Paratus*, 40(8), Augustus 1989, p. 11.

155 Anon, "Spierdistrofie kry hom nie onder: Denver se Weermag versameling groei en groei!", in *Vaal Ster*, 18.08-01.09.1989.

156 Anon, "Foto: 'n Ou vriend van Regiment Vanderbijlpark, Denver Rossouw, ...", in *Vaal Ster*, 10-14.12.1990.



Illus. 85: Militêre personeel van Voortrekkerhoogte het 'n tjek vir die Elize Groenewald fonds aan mev. Mary Hoogenhout oorhandig.

Bron: Anon, "Sgt. F. Burger, sgt. M. Milne, sgt. T. Dry and sgt. S. Slabbert of Voortrekkerhoogte presented mrs. Mary Hoogenhout, chairman of the Child Welfare Society in Vereeniging with a cheque for 280 on Thursday towards the Elize Groenewald Fund", in *Vaal Ster*, 04.03.1983.



Illus. 86: Die spierdistrofielyer, Denver Roussouw, het die Vaal Kommando besoek.

Bron: Anon, "Denver se Weermag versameling groei en groei!", in *Vaal Ster*, 28.08-01.09.1989.

gereeld kleuterskole en ander jeuggroepe oorgenooi.[157] Die verskillende militêre eenhede van die Vaaldriehoek het elkeen op sy besondere wyse dank aan die privaat sektor betuig. Die Regiment Vanderbijlpark het in Julie 1990 'n sertifikaat van verdienste aan die bestuurder van die Wimpy Bar op Vanderbijlpark, Cobie Coetzee, oorhandig.[158]

Op 2 Maart 1992 het vyf militêre veeartse 300 honde en 200 katte in die Vaaldriehoek teen hondsdolheid ingeënt.[159] Verder het die weermag ook lede van die gemeenskap op besigtigingstoere deur die Vaaldriehoek geneem. In Desember 1990 is 'n groep sakemanne en munisipale amptenare na onder meer die militêre steunpunt in Sebokeng geneem.[160] In Julie 1993 is 'n groep vroue deur die verantwoordelikheidsgebied van Groep 17 geneem.[161] 'n Groep Meyertonse onderwysers is byvoorbeeld in April 1994 deur kmdt. Melt Esterhuysen oor die toestand in die swart woongebiede van die Vaaldriehoek ingelig.[162]

## 10.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gesien hoedat daar pogings vanuit die Vaaldriehoekse gemeenskap was om die verdedigingspoging te ondersteun. Ondersteuning van die verdedigingspoging het met nasionale diensplig saamgehang. Dié pogings het gewissel van morele ondersteuning, grenspakkies, vervoerreëlings tot

---

[157] Sien hoofstuk 8, kleuterskole.

[158] Anon, "Foto: 'n Sertifikaat van verdienste is onlangs ... aan mnr. Cobie Coetzee ... oorhandig", in *Vaalweekblad*, 13.07.1980.

[159] Anon, "Mutts' shot in the army!", in *Vaal Ster*, 16-20.03.1992.

[160] Anon, "Sakemanne kyk na Groep 17 se werk", in *Vaalweekblad*, 13.12.1990; Sien ook hoofstuk 3, Groep 17.

[161] Anon, "Vroue maak kennis met lewe in swart gebiede", in *Vaal Ster*, 23.07.1993.

[162] Anon, "Foto: 'n Groep Meyertonse onderwysers is deur kmdt. Melt Esterhuysen ... ingelig oor die huidige toestand in Vaaldriehoekse swart gebiede", in *Vaalweekblad*, 08.04.1992.

ondersteuning van fondsinsamelingsprojekte. Werkgewers het werknemers wat militêre diensplig moes doen met hulle salarisse tegemoet gekom. Omdat die stryd in Rhodesië as belangrik vir Suid-Afrika gesien is, was daar ook pogings in die Vaaldriehoek om die oorlog dáár te ondersteun. Die weermag het ook die Vaaldriehoek met sekere aksies ondersteun.

Op sy beurt het die gemeenskap deur middel van 'n verskeidenheid organisasies 'n daadwerklike bydrae gelewer deur die gewapende magte van bystand in die verdedigingsveldtog te wees. Dit word breedvoering in die volgende hoofstuk bespreek.